

# Nuusbrief

Oktober 2017

Die jaar het skaars begin en nou staan hy sterk oppad einde toe. Wanneer mens terugkyk na 'n jaar, is mens so geneig om net vas te kyk in die negatiewe, maar is ons dankbaar dat ons nogsteed kan se: "God is Goed"! Toe die reus ons gestorm het, kon ons soos 'n Dawid vasstaan en met Jesus aan ons kant, kon ons oorwin. Dit was verseker een van die moeilikste jare nog en het ons soveel uitdagings gehad, maar deur dit alles het Jesus ons gedra en het ons net sterker aan die anderkant uitgekom.

Dit was net ongelooflik om te sien hoe elke kind gegroei het, dat te midde van alles wat gebeur het, hulle hulself 2de kon stel en die minste gewees het om sodoende te help om situasies te ontloot. Maar het hulle ook geleer om sterker te wees en vir hulself op te staan. Hul sorgsame kant het sterk uitgekom en wil hulle net altyd graag help.

Gewoonlik gaan ons eenkeer per jaar met vakansie, maar die jaar kon ons dit nie doen nie en toe ek met hulle daarvoor gesels, was hul antwoord, toemaar tannie, dit is oraaait, dalk kan ons volgende jaar gaan. En ons GAAN beslis volgende jaar met vakansie. Ons dien 'n God wat spesialiseer in die onmoontlike en wil Hy ook graag hierdie hartskinders bederf. Dit gaan nie altyd oor wat nodig is, soos kos en klere nie, maar glo ek dat dit ook nodig is om as "familie" memories te skep, van alles te vergeet en jouself te kan geniet. Dit is wat die stories maak, maar was hulle nog altyd so dankbaar vir sulke geleenthede. Ons beplan om gedurende die Junie/Julie vakansie bietjie weg te gaan en weet dat Jesus dit weereens vir ons moontlik sal maak.

## Ons nuwe Baba



En daar word ons toe gebless met 'n bulletjie, hy is nou 19 maande oud en die dierbaarste en liefdevolste dingetjie. Maar moenie 'n fout maak nie, hy het 'n sterk willetjie, gil en skree vir die vale en wou aan die begin net klappe uitdeel. Hy kom maar uit baie trauma en weet ek dat hy rustiger sal word, want ons sien al klaar die verskil. Hy klou sy "ma" soos 'n neut, maar het darem nou-al begin om

dinge op sy eie te doen. Hy klim sommer self op die tramopoline en klim agter die groter kinders aan op die klimraam. Sondag wou die kinders swem en toe hy die spulletjie so bekyk, wou hy met mag en mening ook swem. Hy is toe in die water, die lippie het later gebewe van die koue, maar uit wou hy nie. Hy het gelag, sy hande geklap in die water en net die oomblik geniet. Dit was natuurlik 'n storie om hom daaruit te gekry het.

Kontakbesonderhede: 083 696 8600 of 012 644-2524


E-pos: [theresag@ki-deo.co.za](mailto:theresag@ki-deo.co.za)

[www.ki-deo.co.za](http://www.ki-deo.co.za)

FB: Ki-Deo



Voordat ons egter geweet het dat ons hom gaan kry, het ons die skenking gekry. Die Here voorsien darem op ongelooflike maniere. Besef ek nou hoeveel wet wipes mens gebruik, hoe vinnig 'n blik melk en 'n pak doeke gaan. Dit is maar 'n duur uitgawe en indien ons dalk mense kan kry wat bereid is om op 'n maandelikse basis enigiets van die volgende mee te help, sal dit ongelooflik baie help: Pampers no 4 doeke, Wipes, Nido melk, Squiche's (vir kleuterskool), sjampoo, body wash. Dit raak maar aan mens se begroting, en help elke bietjie altyd baie.



Die vroeg opstaan, nagte opstaan, vuil doeke, ens was maar 'n aanpassing, maar nou hardloop alles mooi, ken hy almal en het beslis sy favourites. Die ander kinders is baie lief vir hom en speel graag met hom of stoot hom in sy karretjie.

Met die slapery gaan dit ook beter, hy kry maar nog night terrors, maar andersins slaap hy deur en sal hy ook partykeer rustig sit en speel wanneer hy wakker word en moet jy maar gaan loer om te sien wanneer hy wakker is, want hy sal nie noodwendig moan of huil nie. Hierdie dingetjie het sommer baie diep in ons almal se harte ingekruip.

## Erkennings



Ons kinders het sommer die jaar baie goed op die sportgebied presteer en het ons een seun 0.16A hokkie gespeel, was deel van die Noord Gauteng proewe, 1ste Span skaak en 1ste Span Golf. Ons ander seun het 1ste span hokkie gespeel en hulle was ook liga wenners. Verder het ons gr 8 dogter begin hokkie speel en het sy 'n toekenning gekry vir Beste Vordering. Ons kinders staan uit, hulle doen goed en ek is geweldig trots op hierdie spannetjie!

## Die seer

Dit is altyd vir my ongelooflik hartseer om saam met elke kind deur hul seer te werk. Hierdie jaar was nie 'n uitsondering nie, maar soos wat hulle ouer word, het hulle soveel meer vrae, maar besef hulle ook die waarheid. Onbetrokke ouers en ouers wat nie kom kuier nie of ouers wat net verdwyn het! Lee beloftes wat gemaak word! Die een dogter se die anderdag vir my, tannie ek wens dat my ouers my vandag kon sien, ek dink dat hulle trots op my sou wees! En verseker sou hulle baie trots op haar gewees het! Hierdie kinders is net ongelooflik en kan mens soveel by hulle leer, hulle is vegters, survivors en doen hulle so

Kontakbesonderhede: 083 696 8600 of 012 644-2524

E-pos: [theresag@ki-deo.co.za](mailto:theresag@ki-deo.co.za)

[www.ki-deo.co.za](http://www.ki-deo.co.za)

FB: Ki-Deo

goed, hulle harte is so mooi en het hulle soveel empatie met ander, hulle presteer! Dit is so jammer dat hul eie ouers hulle nie ken vir die awesome mensies wat hulle is nie!

## Volgende jaar

Ons matrikulant doen volgende jaar Metamorphe en daarna sal hy gaan studeer. Ons voel net dat ons kinders nie altyd gereed is of die regte besluite oor hul toekoms kan maak direk na skool nie en is dankbaar vir 'n trust wat gestig is om sodoende ons skoolverlaters te help en hulle die geleentheid te gee om hulself te ontdek en te kan weet wie Jesus bedoel het hulle moet wees. Ek glo dat hy baie gaan leer en 'n ander mens na die jaar sal terugkom want Metamorphe is beslis life changing. Ons vertrou nog vir al die finansies, maar huidiglig kan ons darem 'n begin maak.

Dan het ons weer enetjie wat hoerskool toe gaan. Sy is baie opgewonde en sien baie uit daarna maar gaan dit maar 'n groot aanpassing wees want sy is Engels en gaan oor na Afrikaans, maar weet ek dat sy dit sal kan doen.

So, op die stadium is ons kinders vir volgende jaar soos volg, baba in die kleuterskool, Gr 2, Gr 4, Gr 8, 9, 10, 11. Orrelypies en word hulle mooi verteenwoordig in die hoerskool.

## Ons bucket List

Mens mag maar droom en is daar 'n paar goedjies wat ons graag oor 'n tydperk sou wou doen of wil he en dit is soos volg:

- Televisie: Huidige een is oud en die speakers het gegaan, dit is die ene in die stoepkamer waar almal kuier en werk.
- Huis moet buite gevef word
- Vakansie gedurende Junie/Julie
- Buitebraai en boma
- Kas wat ingebou moet word in kamer wat verander het. Daar is geen kaste nie.

## Benodig

- Benodighede vir ons kleinste, dit is nou die melk, doeke, wipes, ens.
- Mense wat kan help met toiletware vir die ander kinders.
- Hulp met partytjies, volgende ene is 13 November en dan word sy 10jr oud!
- Vleis: Stowe beesvleis, hoender, maaltvleis en wors.
- Kruideniersware.
- Mense om te help met huiswerk in die middag.
- Bederfies vir die kinders, kom kuier, doen crafts, fliek, enigiets wat lekker is.
- Finansies: Ons het op die stadium elke skenking en elke finansiële bydrae baie nodig. Ons kinders is groter, hulle eet meer, maar skiet elektrisiteit die hoogte in, ek ry 'n tank diesel in 'n week uit, enetjie in Kleuterskool en enetjie in 'n privaat skool. Ons uitgawes is maar soos in 'n normale huis, ons is net meer en sodoende ook die uitgawes. Ons is 'n geregistreerde welsynsorganisasie met die nodige NPO en BEE sertifikate en enige skenking/donasie kan terug geeis word.

Kontakbesonderhede: 083 696 8600 of 012 644-2524

E-pos: [theresag@ki-deo.co.za](mailto:theresag@ki-deo.co.za)

[www.ki-deo.co.za](http://www.ki-deo.co.za)

FB: Ki-Deo

## Dankie

Ek kan net baie dankie se vir ongelooflike mense wat ons die jaar ondersteun het, hetsy dit finansiel was, donasies, of wat ookal, dit is julle wat maak dat Ki-Deo nog kan voortgaan en dat ons kinders wonderlike geleenthede kan kry. Dankie vir al jul liefde en omgee en vir die van julle wat ons nog nie op Facebook volg nie, gaan volg ons gerus by Ki-Deo en deel saam met ons in die lief en leed.

Vir enige navrae of betrokkenheid, kan julle my kontak by [theresag@ki-deo.co.za](mailto:theresag@ki-deo.co.za) of 083 696 8600 of 012 644-2524.

Verder kan ons net alle eer gee aan ons Koning Jesus, dat Hy ons gedra het deur die jaar, deur elke uitdaging, elke moeilike situasie, dat Hy voorsien het en dat Hy so getrou is en dat ons hoop, ons geloof, ons verwagtinge in Hom is en weet ek dat hierdie kinders Sy oogappels is en dat Hy altyd sal voorsien!

**Kom kuier gerus, raak betrokke en help om 'n verskil in 'n kind se lewe te maak!**

Groete

Theresa

Foto's van ons tienerdogters se kamer wat 'n klompie hartsvriende kom oordoen het:



Kontakbesonderhede: 083 696 8600 of 012 644-2524

E-pos: [theresag@ki-deo.co.za](mailto:theresag@ki-deo.co.za)

[www.ki-deo.co.za](http://www.ki-deo.co.za)

FB: Ki-Deo